# Skaap voedingsprogram



PEOPLE ☑ PEDIGREE ☑ PASSION ☑ PURPOSE ☑ PROCESS ☑ PROMISE ☑

## OPSOMMING VAN BYVOEDINGSPROGRAM VIR SKAPE OP VERSKILLENDE TIPES WEIDING

| KLAS DIERE | DOEL | AANVULLING OP DROË WEIDING | AANVULLING OP GROENWEIDING |
|---|---|---|---|
| **Droë ooie**<br>(van speen tot vier weke voor die paarseisoen) | Droë diere moet die massa wat hulle tydens laktasie verloor het weer voor die paarseisoen herwin. Indien ooie met hierdie aanvullings nie hulle massa en kondisie betyds voor die paarseisoen herwin nie, gebruik een van die Produksielekke wat vir middragtige ooie aanbeveel word. | **Gebruik een van die volgende lekke**<br>• Meadow Produksielek (100 – 200 g/ooi/dag)<br>• Meadow Lambing Lick (100 – 200 g/ooi/dag) | **Gebruik een van die volgende lekke (100 – 200 g/ooi/dag)**<br>• Meadow Beefbooster 18<br>• Meadow Lambing Lick |
| **Prikkelvoeding**<br>(vanaf 21 dae voor paring vir 'n maksimum 42 dae) | Ooie moet in 'n uitstekende kondisie wees en moet die laaste drie weke voor die paarseisoen in massa toeneem om ovulasietempo (eisel-afskeiding) te maksimaliseer. | **Gebruik een van die volgende prikkellekke (300 g/ooi/dag)**<br>• 150 kg lupiene + 150 kg Meadow Lambing Lick (voer daagliks)<br>• Meadow Lambing Lick<br>• Meadow Supreme 20 | **Gebruik een van die volgende prikkellekke (300 g/ooi/dag)**<br>• Meadow Lambing Lick<br>• Meadow Supreme 20<br>(Moenie lupiene op groenweiding voer nie, want dit verhoog BUN wat reproduksie nadelig beïnvloed) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Middragtige ooie**<br>(Maand 2 & 3 van dragtigheid) | **Middragtige ooie moet 'n matige massatoename as volg toon:**<br>• Ooie met 1-lingfetus: ± 50 g/d<br>• Ooie met 2-lingfetusse: ± 80 g/d<br>• Ooie met 3-lingfetusse: ± 100 g/d<br>Voorsien byvoeding indien teiken-massatoename nie gehandhaaf word nie. | **Gebruik een van die volgende produksielekke (150 tot 250 g/ooi/dag)**<br>• Meadow Produksielek<br>• Meadow Lambing Lick<br>(Indien ooie nog ekstra byvoeding benodig, kontak 'n voedingskundige oor die bymeng van grane) | **Gebruik een van die volgende produksielekke (150 tot 250 g/ooi/dag)**<br>• Meadow Beefbooster 18<br>• Meadow Lambing Lick<br>(Indien ooie nog ekstra byvoeding benodig, kontak 'n voedings-kundige oor die bymeng van grane) |
| **Laatdragtige ooie**<br>(6 weke voor lam) wat op weiding gaan lam | Begin met deurvloeiproteïenbyvoeding vir ooie met 1-lingfetusse minstens 4 weke; dié met 2-lingfetusse vanaf 6 weke en dié met drielingfetusse vanaf agt weke voor lam om optimale geboorte-massa (4.5 – 5.9 kg), maksimum uierontwikkeling en biesproduksie te verseker. | **Gebruik een van die volgende deurvloeiproteïenlekke (300 – 400 g/ooi/dag)**<br>• 250 kg Meadow Lambing Lick + 150 kg kleingraanpitte/mielies<br>• Meadow Lambing Lick<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende deurvloeiproteïenlekke (300 – 400 g/ooi/dag)**<br>• 250 kg Meadow Lambing Lick + 150 kg kleingraanpitte/mielies<br>• Meadow Lambing Lick<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |
| **Laatdragtige ooie**<br>(6 weke voor lam) wat in lamkampe/lamhokke gaan lam | Begin met volledige Lammerooirantsoen vanaf minstens 4 weke voor lam en pas ooie geleidelik aan op die volledige Lammerooirantsoen en stop alle lekbyvoeding. | **Gebruik een van die volgende volledige lammerooirantsoene vir ooie en voer na aanpassing teen ± 3 % van massa**<br>• Meadow Ooikorrels HE<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende volledige lammerooirantsoene vir ooie en voer na aanpassing teen ± 3 % van massa**<br>• Meadows Ooikorrels HE<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |
| **Lakterende ooie**<br>op goeie gehalte weiding | Hoë melkproduksie om hoë groeitempo van sogende lammers te verseker.<br>Voorsien lek solank dit nodig blyk te wees, maar veral die eerste 6 tot 8 weke na lam. Indien die weiding onvoldoende is, moet 'n volledige Lammerooirantsoen gevoer word. | **Gebruik een van die volgende deurvloeiproteïenlekke (300 – 500 g/ooi/dag)**<br>• 250 kg Meadow Lambing Lick + 150 kg kleingraanpitte/mielies<br>• Meadow Lambing lick | **Gebruik een van die volgende deurvloeiproteïenlekke (300 – 400 g/ooi/dag)**<br>• 250 kg Meadow Lambing Lick + 150 kg kleingraanpitte/mielies<br>• Meadow Lambing lick |
| **Sogende lammers** | Voorsien kruipvoeding vanaf 10 dae ouderdom tot 14 dae na speen om 'n hoë lamgroeitempo (> 300 g/dag) te handhaaf en 'n hoër lampersentasie met die daaropvolgende lamseisoen te verseker. | **Gebruik een van die volgende Kruiprantsoene (*ad lib.*)**<br>• Meadow Lamkruipkorrels | **Gebruik een van die volgende Kruiprantsoene (*ad lib.*)**<br>• Meadow Lamkruipkorrels |
| **Speenlammers**<br>(Afronding op weiding) | Om groei te maksimaliseer en die aantal weidae op die weiding te minimaliseer. | **Gebruik een van die volgende Afrondingsrantsoene (*ad lib.* na aanpassing)**<br>• Meadow Skaap Afrondkorrels (Complete Sheep)<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende Afrondingsrantsoene**<br>• Meadow Pasture Finisher-korrels (400 – 500 g/lam/dag)<br>• Meadow Beefbooster 18 (250 – 300 g/lam/dag) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Speenlammers**<br>(Afronding in 'n voerkraal) | Om groei te maksimaliseer en die aantal staandae in die voerkraal te minimaliseer. | **Gebruik een van die volgende Voerkraalrantsoene in die voerkraal (*ad lib.* na aanpassing)**<br>• Meadow Skaap Afrondkorrels (Complete Sheep)<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | |
| **Vervangingsooie**<br>(vanaf speen tot eerste paring) | Om optimale uitgroei van jongooie te verseker sodat hulle hul teikenpaarmassa van minimum 80 % van volwasse massa met paring op 12 maande ouderdom en jonger of 90 % van volwasse massa met paring ouer as 12 maande ouderdom bereik. | **Gebruik een van die volgende aanvullings (voer teen so peil dat teikengroeitempo gehandhaaf word)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende aanvullings (voer teen so peil dat teikengroeitempo gehandhaaf word)**<br>• Meadow Pasture Finisher-korrels (400 – 500 g/ooitjie/dag)<br>• Meadow Beefbooster 18 (250 – 300 g/ooitjie/dag) |
| **Jongramme**<br>(uitgroei van speenram-lammers tot prestasie-toetsing) | Groei jongramme op so 'n wyse uit dat hulle minstens hulle minimum groeitempo handhaaf sodat daar steeds vir gehardheid en aanpasbaarheid geselekteer kan word. | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 0.5 tot 1 % van liggaamsmassa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 0.5 tot 1 % van liggaamsmassa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |
| **Veilingsramme**<br>(voorbereiding van jongramme vir die paar-seisoen of vir verkoop) | Jongramme moet so voorberei word dat hulle in 'n uitstekende kondisie is met die aanvang van die paarseisoen of as hulle verkoop word. | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 1 tot 3 % van liggaamsmassa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 1 tot 3 % van liggaamsmassa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |
| **Teelramme**<br>(afseisoen) | Hou ramme in 'n goeie kondisie. | **Gebruik dieselfde aanvullings as vir prikkelvoeding maar teen 'n laer peil (0.5 tot 1 % van massa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik dieselfde aanvullings as vir prikkelvoeding maar teen 'n laer peil (0.5 tot 1 % van massa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |
| **Teelramme**<br>(voorbereiding vir die teelseisoen vanaf twee maande voor die aanvang van die paarseisoen) | Verhoog die voedingspeil deur die aanvulling van beide deurvloeiproteïen en energie om testesgroei en spermproduksie te maksimaliseer. | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 1 tot 2 % van liggaamsmassa)**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar | **Gebruik een van die volgende prikkelrantsoene (voer teen 1 tot 1.5 % van liggaamsmassa):**<br>• Meadow Ramkorrels<br>• Resepte met Meadow Feedlot 50 en Multimix 40 beskikbaar |

* As die beskikbare weiding onvoldoende (skaars) is, voer hooi addisioneel eenkant by of voorsien ‘n volledige rantsoen.
** Indien lekbakke gebruik, gebruik een halwe drom of bakkieband vir elke 10 skape.
*** Lekaanvullings moet verkieslik daagliks gevoer word waar beperkte hoeveelhede lek gevoer word.
**** Indien beeste nog ekstra byvoeding benodig, kontak ‘n Nols Hanekom (072 413 7841 & nols.hanekom@meadowcape.co.za) oor die bymeng van grane en ander grondstowwe.



Meer as net voer